higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 2

(9020012)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Copyright reserved

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs SWART of BLOU ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kulturele praktyke in die gemeenskap	A	ekonomiese toestande
1.1.2	Nodige befondsing om te bou	B	fisiese toestande
1.1.3	Nasionale strategiese plan	C	sosiale toestande
1.1.4	Besoedeling wat die gehalte van die lug wat ons inasem, beïnvloed	D	politieke toestande
		E	omgewingstoestande

(4 × 1) (4)

1.2 Definieer die volgende begrippe:

1.2.1 Gesondheid (3)

1.2.2 Welstand (2)

1.3 Identifiseer die VIER onderafdelings van gesondheid. (4)

1.4 Noem VYF genetiese risikofaktore wat die gesondheid van individue kan beïnvloed. (5)

1.5 Noem EEN onderafdeling van die welstandswiel. (1)

1.6 Wat is gemeenskapsgesondheid? (3)

1.7 Wat is gemeenskapswelstand? (3)

1.8 Bespreek hoe die gesondheidstatus van 'n gemeenskap geassesser kan word en noem die optrede en toestande wat die gesondheid van die gemeenskap kan verbeter en beskerm. (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 ... bewerkstellig 'n interpersoonlike verhouding met gemeenskapslede en raak gemoeid met hulle om hul vermoë vir selfsorg en hantering van aspekte te versterk.

A Voorspraak
B Berading
C Navorsing
D Bevordering

2.1.2 Om families te vind en om hulle met hulpbronne te verbind, is bekend as ...

A gevallebevinding ('case finding').
B gevalle.
C gevallewerk.
D gevalleskedulering.

2.1.3 Kommunikasie oor vaardighede en idees wat kennis van gesondheidsverwante onderwerpe verskaf, is bekend as ...

A kommunikasievaardighede.
B gesels.
C gesondheidsopvoeding/-opleiding.
D waarneming van gesondheid.

2.1.4 ... is wanneer jy gesinne help om verdere hulp te ontvang.

A Verwysing
B Beleidstoepassing
C Ondersoek
D Navraag

2.1.5 ... is wanneer jy gesondheidsgevalle deur stelselmatige insameling, ontleding en interpretering van gesondheidsdata monitor.

A Gesondheidsassessering
B Besigtiging
C Gesondheidsifting
D Waarneming

(5 × 1) (5)

2.2 Definieer elk van die volgende terme:

2.2.1 Akute siekte

2.2.2 Chroniese siekte

(2 × 2) (4)

2.3 Sê of elk van die volgende siektes akuut of chronies is:

2.3.1 Diabetes

2.3.2 Hoes

2.3.3 Hoofpyn

2.3.4 Griep

2.3.5 Hipertensie

(5 × 1) (5)

2.4 Noem die VYF hoofdoelwitte van openbare gesondheid. (5)


2.5 Noem die SES millenniumsontwikkelingsdoelwitte. (6)

2.6 Bespreek die rolle van iemand wat in openbare gesondheid teenoor genesingsgesondheid/kliniese gesondheid werk.

(5 × 1) (5)
[30]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die beeld hier onder en beantwoord die vrae.



3.1.1 Definieer die term *infeksie.* (3)

3.1.2 Ter oorweging van aansteeklike siektes, watter aansteeklike siekte wat hier bo afgebeeld word, kan deur druppeltjies oorgedra word? (2)

3.1.3 Wat is die oorsaak van hierdie aansteeklike siekte? (2)

3.1.4 Noem verskillende soorte van bogemelde aansteeklike siektes. (2 × 2) (4)

3.1.5 Noem VIER tekens van hierdie aansteeklike siekte. (4)

3.1.6 Noem TWEE toestande wat hierdie toestand bevorder. (2)

3.2 Wat is MIV? (2)

3.3 Verduidelik hoe 'n persoon met MIV/vigs besmet kan word. (3)

3.4 Noem VIER metodes om MIV/vigs te voorkom. (4)

3.5 Wat is die stadiums in die progressie van MIV tot vigs? (4)
[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Definieer die term *cholera*. (2)

4.1.2 Noem VYF tekens en simptome van cholera. (5)

4.1.3 Hoe word cholera versprei? (2)

4.1.4 Noem DRIE risikofaktore wat tot die verspreiding van cholera bydra. (3 × 2) (6)

4.2 Kanker is 'n siekte waartydens abnormale selle sonder beheer verdeel en ander weefsels kan binnedring. Kankerselle versprei dikwels na ander liggaamsdele.

4.2.1 Beskryf die vroeë tekens van VYF soorte kanker. (5 × 2) (10)

4.2.2 Illustreer met behulp van 'n breinkaart hoe 'n persoon kanker kan voorkom. (5)
[30]

VRAAG 5

5.1 Kyk na die beeld hier onder en beantwoord die vrae.



5.1.1	Wat is diabetes?	(3)
5.1.2	Noem VYF feite oor insulien.	(5)
5.1.3	Noem die soort diabetes wat swanger vroue kan ontwikkel.	(2)
5.1.4	Noem die oorsake van Tipe 1 diabetes by kinders.	(3)
5.1.5	Noem die oorsake van Tipe 2 diabetes by volwassenes.	(2)
5.1.6	Skryf die verskil in simptome tussen Tipe 1 en Tipe 2 diabetes in tabelvorm neer. (3 × 2)	(6)
5.1.7	Bespreek die simptome van insulienweerstand.	(3)
5.1.8	Verduidelik SES komplikasies wat die gevolg van swak beheer oor diabetes kan wees.	(6)
		[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou